MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 2/2025 **6 Februarie 2025**

SKOOLSAKE

VANUIT DIE HOOF SE KANTOOR

An investment in knowledge pays the best interest.

Benjamin Franklin

Nogmaals geluk aan elke leerder (en ouer) wat Dinsdagaand tydens een van ons twee akademiese prysuitdelings vereer is. Julle het vir seker goeie rente op julle akademiese insette verdien. Midstream College kon ook hulde bring aan die matrieks van 2024 met hul skitteruitslae. Die Departement van Basiese Onderwys het ook hul ontleding van top-publieke skole gepubliseer. Die publieke skool met die meeste Wiskunde-onderskeidings in die land het 54 A's met hul 246 Wiskunde-leerders behaal. Midstream se 162 matrieks met Wiskunde as vak, het 77 onderskeidings ingeoes! Ons salueer julle.

Live as if you were to die tomorrow. Learn as if you were to live forever.

Mahatma Gandhi

Ek glo en vertrou ons leerders handhaaf hierdie fyn balans. Die massadeelname by ons onderskeie interhuisbyeenkomste is bewys daarvan dat hulle voluit leef en elke geleentheid aangryp. Baie sterkte aan ons swemmers wat Dinsdag hul titel by die A-bondinterhoër moet verdedig. Geniet dit.

Eweneens wil ek ook elke ouer daarop wys dat die interhoëratletiek op Vrydag 21 Februarie 'n verpligte Carpe Diem-geleentheid is. Synde ons die byeenkoms moet aanbied, gaan ons elke leerder hetsy as atleet, toeskouer of helper benodig. Dankie vir almal se ondersteuning in die verband. Ons behoort vroegaand terug te wees vanaf Pilditch.

Baie welkom aan al die graadagts, en hul ouers, wat na hul inhuldiging verlede Donderdag nou volwaardige Midstream College-leerders is. Dankie ook aan al die graad 8-ouers wat vanoggend se Koffie-met-Carel-geleentheid bygewoon het. Graad 9- tot 12-ouers sal op Donderdag 13 Februarie hulle Koffie-met-Carel-geleentheid hê. RSVP via die volgende skakel K-M-C indien u dit graag wil bywoon.

Laastens maar vir seker nie die minste nie, bedank ek graag elke onderwyser wat Januarie oorleef het en al bogenoemde moontlik maak.

OPEDAG – 12 MAART 2025

AKADEMIE

TOP-3 (2024)

8	1	Eden Gerber	94,15%
	1	Henke Louw	94,15%
	3	Beyers Pretorius	92,15%

9	1	Lisa Strauss	95,62%
	2	Lisa Rautenbach	95,46%
	3	Surita van Heerden	95,08%

10	1	Lin-Mari Rudolph	96,29%
	2	Lené Liebenberg	93,29%
	3	Elmien van der Walt	90,57%

11	1	Jenhara Rooplall	96,71%
	2	Renate Maré	96,00%
	3	Kirsten Levey	95,14%

SPORT

Klik op die skakel vir sportuitslae.

✉ college@midstreamcollege.co.za ☎ 012 661 2341 www. midstreamcollege.co.za